

**GEDRAGSPRAKTYKE T.O.V. DIE EENHEIDSTRUKTUUR:
SKRIF-BELYDENISSKRIFTE-ONDERTEKENINGS-
FORMULIERE/KERK IN DIE NUWE GEREFORMEERDE
TEOLOGIE IN NEDERLAND**

1. Inleiding

Gesien die tydsduur wat vir die voordrag bewillig word, spreek dit vanself dat dié tema nie op 'n omvattende en deurtastend-indringende wyse uitgediep kan word nie.¹ Dit kan dus uiteraard slegs op 'n baie beknopte, saaklike en selektief-beperkende manier aan die orde gestel word. Derhalwe buig ons ons soos volg daaroor heen: ten aanvang maak ons die bedoeling van ons tema duidelik; vervolgens releveer ons slegs enkele gedragspraktyke van *H. M. Kuitert*, as leidende eksponent van bedoelde teologie, m.b.t. genoemde eenheidstruktuur — as situasietekenende illustrasiemateriaal; daarna gee ons *Herman Ridderbos* se mening oor illegitieme gedragspraktyke t.o.v. gestelde eenheidstrukture deur; en ten finale volstaan ons met enkele slotopmerkings.

2. Die bedoeling van die tema

2.1 Bovermelde eenheidstruktuur

Die bedoeling hiervan lê opgeslote in die betrokkenheid van die verskillende komponente daarvan op mekaar — in verhouding tot die kerk. Dit moet ons kortliks nader toelig.

Omdat die Skrif sigself aandien as die *Theópneuste Graphè* (pāsa graphè *Theópneustos* — 2 Tim. 3 : 16);² as die deur Jesus self gekwalifiseerde normatiewe gégraptai³ (bv. Matt. 4 : 4, 7, 10) wat „nie gebreek kan word nie” (Joh. 10 : 35),⁴ is dit nie die „woord van mense nie”, maar „die woord van God” (lógon *Theoũ* — 1 Thess. 2 : 13).⁵ Want die *Auctor Primarius*⁶ daarvan is die sprekende Heilige Gees (bv. Hand. 28 : 25); die sprekende Here (hupò *Kuriou*)⁷ (bv. Matt. 1 : 22) — deur (dià)⁸ die profete (bv. Luk. 1 : 68, 70) en die apostels (wat woorde spreek „wat die Heilige Gees leer” — 1 Kor. 2 : 13) — as *Sy auctores secundarii*, *Sy* gevolmagtigde organe. Alhoewel Hy *Sy* organe (nie megane nie) hierin die nodige speelruimte gelaat het ter beoefening van hulle onderskeie Godegewe gawes, het Hy hulle daarin foutloos beheers⁹ — want: „deur die Heilige Gees gedrywe” (hupò *Pneúmatos Hagiou pherómenoi*) „het die heilige mense van God gespreek” (2 Pet. 1 : 21).¹⁰ In die Skrif as *Verbum Dei* klink die *vox Dei* dus suiwer — *in* en *deur* die *vox humana* — tot ons deur. Daarom is die Skrif die eksklusief-outentieke gefikseerde Godsopenbaring; is dit as geheel en tot in alle onderdele daarvan toe — in *organies-verbale Gethéópneusteerde* sin¹¹ — die absoluut-outoritiewe, betroubare, onfeilbare en foutlose¹² *Verbum Dei*¹³ — dit wil sê na

vorm¹⁴ én inhoud; formeel én materieel;¹⁵ histories én/óf normatief.¹⁶

Kragtens die ondertekeningformuliere¹⁷ moet alle ampsdraers van die kerk die *eenheidsgesag* van die Skrif as *Goddelike Geskrif* (Art. III N.G.B.)¹⁸ mét die *Godgegeve inhoud* (Artt. IV—VII N.G.B.)¹⁹ wat dit behels — en daarom tegelyk ook alle ander Skrifleerstukke (Artt. VIII—XXXVII N.G.B.; Heidelbergse Kategismus; Dordtse Leerreëls) — naartig leer en getroulik verdedig — in ooreenstemming met die geyste kerkleer in genoemde belydenisskrifte, nl. die Drie Formuliere van Enigheid. Dit is die *norma normata* van die kerk — wat gegrond is op en volkome onderworpe (d.w.s. eksaminabel en appellabel²⁰) is aan die Skrif as die *eksklusiewe supremus iudex* en *norma normans* van die kerk.²¹ Ampsdraers van die kerk is verplig om hulle dusdanig te gedra t.o.v. belydenishandhawing, want hulle het plegtig en uitdruklik *belowe* om dit te doen by wyse van hulle openbare *quia-ondertekening* (= *letterlike binding*, maar nie letterknegtery nie)²² van die ondertekeningformuliere. En ampsintegriteit beteken te alle tye en onder alle omstandighede o.a.: betroubaarheid, verantwoordelikheid en eerlikheid voor God en mens.

Dié formuliere sluit gewetensdwang volkome uit, aangesien dit baie duidelik ruimte skep vir *gewetensvryheid* in geval van eventuele beswaar, op grond van die Skrif, teen 'n belydenisuitspraak — *maar tereg slegs* langs die *gestipuleerde ordelike kerklike weg*. Dit is noodsaaklik ter realisering van die doel²³ met belydenishandhawing én om alle vorme van vrysinnigheid, leervryheid en leerdwaling betyds in die kerklike visier te kry en dit doeltreffend op verantwoorde kerkregtelike wyse te besweer. En die kerk moet toesien dat alle ampsdraers — ter legitimasie van die *Skriftuurlike Skrifgesag* (dit is die bedoeling met belydenishandhawing) — hulle ondertekeningsoffertes gestand doen.²⁴ 'n Kerk wat dit *nalaat* óf *liberaal* daarteenoor staan, is besig om kerklike *selfmoord* te pleeg!

2.2 *Bogenoemde teologie*

As ons spreek van die „nuwere Gereformeerde teologie in Nederland”, dan bedoel ons daarmee die kontemporêre teologie (gedurende die afgelope dekade tot die hede) wat deur sekere leidende teoloë — wat *ampsdraers* is van die „Gereformeerde Kerken in Nederland” (deur sommige teenswoordig betitel as: „Synodaal-Gereformeerde”) — beoefen word, en wat baie dikwels neerkom op 'n duidelike konflik-situasie in konfrontasie met die hierbo verduidelikte eenheidsstruktuur. Meer toegespits gestel: in dié teologie — wat pretendeer om *Gereformeerde* te wees — ontmoet ons 'n variasie van beskouings ter sake van die leerstuk oor die Skrif, maar óók oor ander Skrifleerstukke, wat nie net duidelik neerkom op *aantasting* van die *Skrifgesag* nie, maar tegelyk ook op *openlike likwidasie* van belydenisuitsprake dááror én 'n *eiegeregtige opskorting* van die offertes in die ondertekende ondertekeningformuliere wat daarmee verband hou. En dié verontrustende toedrag van sake word in genoemde kerk blykbaar oogluikend toegelaat,

aangesien nog geen ampsdraer van dié kerk — wat hom in bogenoemde opsigte skuldig gemaak het en maak — daarvoor (anders as vroeër²⁵) op legitiem-kerkregtelike wyse aangespreek is nie. Die besluit van die sinode van Sneek (1970) — waarop ons later kortliks terugkom — i.v.m. die beswaarskrifte teen die afwykende beskouings van Kuitert, is — kerkregtelik bekyk — niks anders nie as 'n *testimonium paupertatis!*

3. Enkele gedragspraktyke van Kuitert m.b.t. die eenheidsstruktuur²⁶

Na ons oordeel is Kuitert — tans hoogleraarampsdraer (etiek en dogmatiek) van genoemde kerk aan die V.U. — die leidende inaugurator en beoefenaar van dié nuwere Gereformeerde(?) teologie — wat ons reeds kortliks beskryf het. Hy is die mees radikale oortreder in dié verband m.b.t. die gereleveerde eenheidsstruktuur. Daarom is sy gedragspraktyke te dien effekte uiters relevant-symptomaties van die ingeslane koers in genoemde teologie. Hy staan daarin baie sterk onder invloed van Barth,²⁷ Bultmann²⁸ en die natuurwetenskap²⁹ — m.n. Lever³⁰ se biologiese „mogelijkheid“-spekulasies m.b.t. die *ontstaan* van die *mens*.

Dié invloed — as motiewe — het in Kuitert se denke 'n onskriftuurlike, selfgefabriseerde, vooronderstelde, outonoom-teologiese wetenskapsteorie ten gevolge gehad — wat hy as hermeneutiese sleutel trag te hanteer ten einde die Skrif oop te sluit m.b.t. die wyse waarop dit *ontstaan* het en hoe dit *verstaan* moet word. In sy hantering van dié „sleutel“ heers die teologie as *wetenskap* oor die Skrif, sodat die Skrif nie sigself uitlê — *Sacra Scriptura sui ipsius interpretis est* — nie, maar die Skrif word daarmee teen sigself „uitgelê“. ³¹ Dat 'n dusdanige Skrifbenadering tot mislukking sigdoem is,³² wil ons nou flitsend — by wyse van slegs enkele voorbeelde — uit Kuitert se omgang met die Skrif nader verifieer.

3.1 Sy Godsbeskouing³³

Volgens Kuitert sou die Skrifgewens *de natura Dei* duidelik maak dat die Bybelskrywers met hulle mensvormige spreekwyse t.c.v. God nie beeldspraak bedoel het nie, maar dat Hy in die *letterlike sin* van die woord 'n mensvormige (hebreomorfe) Wese sou wees — d.w.s. „gelikend op de bijbels-israelietiese mens“. ³⁴ Alhoewel hy self erken dat dit volgens die Bybelskrywers „strikt genomen“ só is: „niet God is anthropomorf, maar de mens is theomorf“ ³⁵ — óf dieselfde anders gestel: „Strictly speaking, Scripture does not mention the anthropomorphousness of God but it speaks of theo-morphousness of man“ ³⁶ —, is hy desondanks van oordeel dat aangesien die Bybelse „israelietiese mens“ „israelisch“ oor God spreek, impliseer „*deze usus irealiticus*“: „God is voor Israel, strikt genomen, mensvormig omdat de mens God-vormig is“. ³⁷ Hulle sou dus — met hulle mensvormige spreekwyse m.b.t. God — tegelykertyd óók 'n „omkering“ voltrek het; 'n „weg tereg“ afgelê

het,³⁸ sodat die „mensvormige (hebreomorfe) God... niet God in het algemeen” is nie, „maar Israels God zoals Hij door Israel benoemd, getypeerd of onderscheiden is, in één woord: Israels God zoals Hij door Israel gekend mocht worden en ook metterdaad gekend is”.³⁹

Die feit dat die Skrif *nêrens* — in ooreenstemming met Kuitert se erkenning te dien effekte hierbo — van ’n anthropomorfe (hebreomorfe) God spreek nie, maar *slegs* van die theomorfe mens (cf. Gen. 1 : 26, 27; 9 : 6; 1 Kor. 11 : 7; Jak. 3 : 9), stel helder in die lig dat dit nie die Bybelskrywers is wat genoemde „omkering” voltrek het en dié „weg terug” bewandel het nie, maar dat dit *Kuitert* is wat dit *versin* het; wat dit die Bybelskrywers *in die mond gelê het* — ter „realisering” van sy veronderstelde anthropomorfe (hebreomorfe) konsepsie aangaande God. Ons het daarin nie met eksegeese nie, maar duidelik met *inlegkunde* te doen. Dit kom neer op likwidisie van Art. 1 N.G.B. en Sondag XLVI (Antw. 121) H. Kategismus.

In lyn met sy bovermelde Godsbeskouing ontmoet ons ’n variasie van *leerdwalings* in sy refleksies m.b.t. God se eienskappe en Sy verhouding tot die mens. Hy wis die wesensonderskeid tussen God en mens volkome uit⁴⁰ en trek daarmee ’n streep deur Artt. 1 en XIV N.G.B. en Sondag III (Antw. 6) H. Kategismus. Dit is die gevolg van die invloed van Bultmann, wat beweer: „Die Frage nach Gott und die Frage nach mir selbst sind identisch”.⁴¹ God sou nie ’n geestelike — en derhalwe ’n onsielike — Wese wees nie⁴² — dit bots met Art. I N.G.B. Hy sou nie onbegryplik wees nie⁴³ — dit strook nie met Artt. I en VIII N.G.B. en Sondag VIII (Vr. en Antw. 25) H. Kategismus nie. Hy sou verder nie onveranderlik wees nie⁴⁴ — dit is nie konform Art. I N.G.B. en Hfst. I (parr. 7, 11, 12, 15) Dordtse Leerreëls nie. In lg. geval is Kuitert gedresseer deur Barth⁴⁵ se veranderlikheidsbeskouing van God in sy predestinasieleer. Kuitert se alomteenwoordigheidsbeskouing van God⁴⁶ lê nie in lyn met Sondag X (Antw. 27) en XVIII (Antw. 48) H. Kategismus nie. Sy alwêreheidsbeskouing van God⁴⁷ bring hom in konflik met Sondag XXXVII (Antw. 102) H. Kategismus en Hfst. I (par. 11) Dordtse Leerreëls. Hy vereenselwig God se Wese met Sy Openbaring⁴⁸ — dit klop nie met Artt. I en II N.G.B. nie. Sy opvatting dat Christus die „zijnswijze van God bij uitstek” is,⁴⁹ is strydig met Art. IX N.G.B. en Sondag VIII (Antw. 25) H. Kategismus — hy het dit by Barth afgekyk.⁵⁰ Hy maak die „God-zijn” van God afhanklik van „Zijn gekend-zijn” deur die mens⁵¹ — dit bring hom in gedrang met Artt. I en II N.G.B.

Kuitert is dus ’n *openlike afskaffer* — soos verderop ook nog sal blyk — van etlike temas in die Drie Formuliere van Enigheid.

3.2 *Sy Skrifbeskouing*

Hierin beluister ons onteenseglik die gedagtegeenge en denkpatriene wat ons in die dinamiese of personale inspirasieteorie teenkom.⁵²

Kuitert trag om sy beskouing insake die *ontstaan* en *verstaan* van die Skrif te verduidelik in sy konsepsies m.b.t. die *herkoms* en *bedoeling* van die skeppings- en sondevalverhaal.⁵³ Hy is van oordeel dat die skeppingsverhaal nie ontstaan het op grond van Godsopenbaring wat deur die betrokke hagiograaf — onder die Getheópneusteerde beheer van die Heilige Gees — skriftelik gefikseer is nie, maar die herkoms daarvan sou dáaraan toe te skrywe wees dat die hagiograaf „door Gods bijzondere zorg” die reeds bestaande mitologiese „babylonisch-assyrische” skeppingsverhale — wat in een of ander kanaänitiese vorm in omloop was — in beslag sou geneem het en so aanhoudend sou omgevorm of omgewerk het, by wyse van ont-mitologisering daarvan, totdat dit gepas het by die God van die verbond wat Israël op weg na Kanaän leer ken het.⁵⁴ Hiervolgens is dit duidelik dat Kuitert met „Gods bijzondere zorg” bedoel dat die Heilige Gees geen aandeel sou gehad het in die *ontstaan* van die verhaal nie, maar slegs gesorg het dat dit — soos dit deur die *hagiograaf* gefabriseer sou wees — skriftelik oorgelewer word, want hy is van mening: „Het zou een misverstand zijn te menen dat Gods bijzondere zorg zich langs andere dan gewone menselijke wegen over de Schriften heeft uitgestrekt”.⁵⁵ Daarom is hy in lyn hiermee van gevoele: „Zonder de bestaande mythen van de buurvölker, kunnen we zeggen, is het bijbelse scheppingsgeloof niet te denken, en in zijn terminologie trouwens onverklaarbaar”.⁵⁶ Die skeppingsverhaal sou ook nie feite meedeel nie, maar dit sou bloot ’n belydenis wees aangaande God wat goed is in Sy dade.⁵⁷ Die „valde bonum” (Gen. 1 : 31) sou nie slaan op die skepping wat volmaak uit God se hand voortgekom het nie, maar op God wat goed is — aangesien dié woorde net so min realities opgeneem moet word as die res van die skeppingsverhaal.⁵⁸ Kuitert trek sy ontstaanskonsepsie van die skeppingsverhaal ook m.b.t. die sondevalverhaal deur, as hy stel dat „de aard van het verhaal van de zondeval op dezelfde wijze op te sporen” is „als we dat met Gen. 1 deden”.⁵⁹ Die sondevalverhaal berus dus, volgens hom, ook nie op Godsopenbaring nie en deel derhalwe ook nie feite mee nie — soos ons later sal aantoon.

Bostaande konsepsies van Kuitert is allermins die vrug van Skrifeksegese — want hy voer daarin geen enkele steekhoudende Skrifgrond daarvoor aan nie —, maar die gevolg van ’n verwerkte oorname van o.a. F. Delitzsh,⁶⁰ Bultmann,⁶¹ H. J. Kraus⁶² en C. A. van Peursen⁶³ se spekulasies oor dieselfde materie. Koole,⁶⁴ Gispén⁶⁵ en Kroeze⁶⁶ verwerp die omwerkingsdenkbeeld i.v.m. die babilonies-assiriëse mites as herkoms van genoemde verhale, en poneer daarteenoor dat dit op grond van *Godsopenbaring* ontstaan het. En Barth⁶⁷ en Stählin⁶⁸ is van oortuiging dat mite en Openbaring niks met mekaar uit te staan het nie.

Die algemene strekking van sy spekulasies m.b.t. die *ontstaan* van betrokke verhale, trek Kuitert op die ganse Skrif deur.⁶⁹ Hy beweer: „Ook de Schrift is een menselijk getuigenis, en menselijke getuigenissen zijn en blijven menselijk, zoals ze dan ook op mense-

lijke wijze tot stand komen".⁷⁰ Vir Kuitert is die „overgeleverd geloofsgoed” van die kerk = „het bijbels getuigenis” = „de bijbel zoals hij daar ligt” = „traditum” = „de Heilige Skrif”.⁷¹ Die Heilige Skrif (= „traditum”) se ontstaan verduidelik hy nader soos volg: „Waar komt de betekenis van Jezus Christus vandaan, die het traditum Hem toekent? Zonder twiifel is deze betekenis een betekenis die mensen Hem toekennen... Wie anders dan juist zij, hebben ons de betekenis van Jezus, Zijn persoon en Zijn werk, overgeleverd?”.⁷² Die *Selfopenbaring* Gods is dus vir hom = die „traditum” (= Heilige Skrif) wat deur die Bybelskrywers gefabriseer is (cf. verwysing 55). Daarom verwonder dit ons nie dat Kuitert die Skrif gelykstel met die prediking van die predikers van die kerk nie —, want tussen Skrif en prediking sou geen „structureel” verskil bestaan nie.⁷³ Van Riessen stel i.v.m. dié sienswyse van Kuitert tereg: „Op dit standpunt mist de Bijbel als zodanig het karakter van openbaring en kan hij niet meer Gods Woord genoemd worden”.⁷⁴ As ons sy opvatting m.b.t. Skrif/prediking goed bekyk en takseer, dan is dit duidelik dat hy daarmee in die klimaat van die Roomse Skrif én Tradisiebeskouing beland.⁷⁵ Dit kom neer op tersyde stelling van Artt. III en VH N.G.B.

Kuitert het aanvanklik — kontra Bultmann — skerp beklemtoon dat skeidingsvoltrekking tussen die *vorm* en *inhoud* van die Skrif illegitiem is, aangesien dit neerkom op prysgawe van die Skrifkerugma.⁷⁶ Maar hy het terselfdertyd laat deurskemer dat daar ’n soort „om-stempeling” van die tydgebonde Bybelse *vormgewing* in die prediking voltrek moet word — ten einde die moderne mens in sy eksistensiële situasie te raak.⁷⁷ Dit het egter daarop uitgeloop dat Bultmann se opvatting hom op die ou end tog maar oorrumpel het, want hy spreek tans van die *Skrifinhoud* as van die *harde kern* — d.i. die *boodskap* aangaande Christus —, en van die *Skrifvorm* as van *verpakkingsmateriaal* — waarvan die harde kern bevry moet word, by wyse van die prediking, ten einde die moderne mens op relevante wyse aan te spreek.⁷⁸ Ten einde dié relevansie te voltrek — meen Kuitert — moet die tradisionele Gereformeerde Bybelbeskouing losgelaat word.⁷⁹

Omdat Kuitert derhalwe van oordeel is dat die Goddelike gehalte verlos moet word van die menslike gestalte van die Skrif, d.w.s. dat die *vorm* van die Skrif afgestroop moet word van die *inhoud* daarvan óf dat die *inhoud* uitgepel moet word uit die *vorm*, kom neer op relativisering en antiekverklaring van die *Skrifvorm*. Daarmee raak Kuitert sowel die vorm as die inhoud van die Skrif kwyt, want: „Wij hebben deze inhoud uitsluitend in deze vorm en nooit los van deze vorm”.⁸⁰ Die tydgebondenheid van die Skrif beteken geensins ’n devaluasie van die heilskerugma nie, want dit hoort bymekaar, en as dit in die oordrag van die kerugma nie ten volle verwerk word nie, het dit ’n grondige versteuring van die verkondiging ten gevolg.⁸¹

H. Ridderbos beklemtoon tereg: „de Schrift getuigt niet alleen en van haar inhoud, van Christus, als het Woord van God, maar ook

van zichzelf . . . Want wát de ‚inhoud‘ van de Schrift is, dat stellen *wij* niet vast (op grond van wetenschap, ervaring, filosofie of bevinding), maar daarvoor is de Schrift zelf norm en maatstaf”.⁸² A. A. van Ruler: „De Schrift is norm en bron. Daar begint het. Als de Schrift er niet was, was er niets. Daar komt het heil vandaan, dat gerealiseerd wil worden. We moeten ook telkens terug naar de bron. De bron is ook de norm”.⁸³ F. Mildenerger: „Nur in dieser Zuordnung von Quelle und Norm ist das sola scriptura verstanden”.⁸⁴ B. Wentzel⁸⁵ laat hom in dieselfde gees uit. Alle angskomplekse teen die *formele* Skrifgesag, d.w.s. relativering en derhalwe devaluasie van die Skrifvorm, moet dus as on-Skriftuurlik verwerp word en as synde ’n docetiese versoeking bestry word —, omdat die formele én materiële Skrifgesag *een en dieselfde gesag* is. Die Skrifvorm mag nooit afgeskaf word nie, maar die *inhoud* wat daarin inbegrepe is moet daarmee saam verdiskonteer word in die oordrag van die heilsboodskap in die prediking — ten einde werklik Skriftuurlik relevant te wees vir die moderne mens. Die Heilige Skrif (vorm én inhoud) is as perfectum én as praesens die Deus locutus ét Deus loquens, omdat die Theópneustie ’n blywende eien-skap daarvan is.⁸⁶ Daarom bly dit die lewende en kragtige Woord van God (Hebr. 4 : 12) in die betrokkenheid daarvan op alle tye en omstandighede.

H. Ridderbos⁸⁷ het al verskeie kere tereg beklemtoon dat ten einde *Skriftuurlik* en daarom *Gereformeerde* te wees in die Skrif-omgang, moet konsekwent vasgehou word aan die gesag van die Skrif as *Skrif* (= *formele* Skrifgesag) én die gesag van die Skrif-*inhoud* (= materiële Skrifgesag) as *éénheid*. Omdat Kuitert in werklikheid — in sy horisontale ontstaanskyk daarop — van die Skrif as *Theópneuste Graphè* afskeid geneem het, is dit vir hom — as empiriese gegewenheid — ’n menslike produk. Maar omdat dié menslike produk die harde kern van God se „Zelfopenbaring” as *inhoud* sou behels (sic!), het hy so ’n angskompleks teen die *formele* Skrifgesag ontwikkel dat hy dit summier verwerp.⁸⁸ En hierdie harde kern*inhoud* moet by wyse van „actuele herinterpretatie” daarvan in die prediking „verder vertellen” word — en wel op so ’n wyse „dat de hoorder de woorden als relevant ervaart” „voor zijn concrete bestaan”, anders het dit misluk.⁸⁹ M.a.w. hy huldig ’n soort moontlik-geskiedende gesagsopvatting m.b.t. die harde kern-*inhoud* van die Skrif — in dié sin dat dit Gods gesagvolle Woord *kan word mits* die verkondiging daarvan die aanhoorder daarvan op relevante wyse in sy konkrete bestaan aanspreek. Geskied dit nie, dan behou dié *inhoud* sy bloot menslike karakter.

Kuitert huldig dieselfde soort *on-Skriftuurlike* Skrifbeskouing as Barth⁹⁰ en Bultmann⁹¹ — daarom moet dit as *on-Gereformeerde* verwerp word.

3.3 Sy beskouing oor Adam, sondeval en dood

Kuitert is van oordeel dat Adam nie ’n historiese persoon sou wees nie, maar ’n blote *leer- of onderwysmodel*.⁹² Teenswoordig is

trouens die geheel van Gen. 1—3 vir hom 'n „leermodel” of „interpretatie-model” — wat vroeër, meen hy, vir werklikheid aangesien is.⁹³ Die sondeval sou nie fakties plaasgevind het nie en die menslike dood sou nie die gevolg dáárvan wees nie, maar sonde én dood sou *skeppingsgegewenhede* wees.⁹⁴ Daarom moet die Gereformeerde opvatting insake die heilshistoriese orde: skepping-sondeval-verlossing — losgelaat word.⁹⁵ Dit is in flagrante stryd met Artt. XIV, XV, XVII—XXIII N.G.B., Sondae III—VII H. Kategismus én die Dordtse Leerreëls.

Volgens eksegete van ontwyfelbare vakmanskap — soos G. Ch. Aalders,⁹⁶ S. Greijdanus,⁹⁷ W. H. Gispen⁹⁸ en H. Ridderbos⁹⁹ — was Adam wél as historiese persoon die eerste menslike aanvangsfiguur; is die sondeval 'n historiese gebeurtenis; is die dood van die *mens* die gevolg van die sondeval en moet ons bly vashou aan die heilshistoriese orde: skepping-sondeval-verlossing. J. Kamphuis¹⁰⁰ het Kuitert se boek oor die uitleg van die Skrif (= Verstaat gij wat gij leest?) aan skerp en regmatige kritiek onderwerp — m.n. ook dit wat hy oor Adam daarin spekuleer. Sy Adam-teorie het J. P. Versteeg¹⁰¹ grondig bestry en aangetoon dat hy nie verstaan het wat hy gelees het toe hy die Skrif daarvoor geraadpleeg het nie. Kuitert se Adamkonsepsie is die konsekwensie van Lever se „mogelijkheid”-spekulasies oor die ontstaan van die mens. Sy sonde- en doodkonsepsie kry hy by Barth¹⁰² en Bultmann.¹⁰³

Kuitert se bestryding van die bestaan van Adam as reële persoon en van die faktisiteit van die sondeval en die menslike dood wat dáárop gevolg het, beteken tegelykertyd 'n aanslag op die faktisiteit van Christus en Sy verlossingswerk, want dit staan — *Skriftuurlik* gesien — in onverbreekbare eenheidsverband met mekaar. Die konsekwensie van Kuitert se hierbo gereleveerde opvatting is onlangs deur H. Wiersinga in sy dissertasie¹⁰⁴ voltrek, deurdat hy daarin *versoening deur voldoening* bestry. M.a.w. hy likwieder Art. XXI N.G.B. en Sondae IV—VI H. Kategismus as belydenistema. Geen wonder dat reeds H. Ridderbos¹⁰⁵ — maar veral A. D. R. Polman¹⁰⁶ en J. Douma¹⁰⁷ — op skerpe en gegronde wyse daarop gereageer het nie.

3.4 *Kuitert en die ondertekeningformuliere*

Die feit dat hy sy bogestelde opvatting (cf. punt 3.1—3.3) publiek propageer, sonder dat hy ooit 'n enkele gravamen teen belydenisuitsprake wat hy bestry ingedien het — konform die ondertekeningformuliere vir kerklike ampsdraers (predikante en hoogleraars), maak duidelik dat hy 'n revolusionêre verbreker is van sy plegtige ondertekeningbeloftes. Die kerk waaraan hy behoort het hom ook nog nooit op legitiem-kerkregtelike wyse daarvoor aangespreek nie (cf. infra). Dit is 'n bedroewende, betreurenswaardige en afkeurenswaardige toedrag van sake.

3.5 *Kuitert en die sinode van Sneek (1970)*

Op dié sinode het ongeveer 200 beswaarskrifte teen sy afwyken-

de beskouings gedien.¹⁰⁸ Die sinode se uitsprake hieroor kom, kortliks gestel, op die volgende neer: 1. die besware is „fragmentarisch” van karakter en besit weinig „bewijskracht”; 2. dat Kuitert se „ontkenning . . . van die historiciteit van die zondeval . . . niet in overeenstemming is met hetgeen de synode van Amsterdam 1967/1968 in haar uitspraak (sub 3, acta art. 209) heeft aangewezen”; 3. „dat het intussen gebleken is, dat dr. Kuitert ook op de synode in zijn gevoelen niet alleen staat; 4. en 5. „dat in deze situatie, hoe onbevredigend deze ook zij ten aanzien van de onderlinge eenheid”, die sinode „van oordeel is, dat de eenheid van het kerkelijk belijden niet op een zodanige wijze in geding moet worden geacht, dat daarover thans nadere beslissingen zouden moeten worden genomen; 6. ’n deputaatskap moet nou trag om „onderlinge eenheid” te bewerkstellig.¹⁰⁹

Hieruit blyk sonneklar dat Kuitert en sy medestanders se *invloed* op die sinode so groot was dat die sinode dit nie kon waag om sy *leerdwalings* te *veroordeel* nie. Die ontkenning van die historiciteit van die sondeval is ’n *leerdwaling* van die ergste soort. Die gevaar van *kerkskeuring* was die deurslaggewende motief op grond waarvan die sinode *kerkeenheid* in dié uitsprake trag te handhaaf ten koste van die *Skriftuurlike waarheid*. Dit is ’n „eenheid” bo geloofsverdeelheid — en daarom ’n *valse eenheid* wat nooit kan standhou nie!

M.b.t. Kuitert se Adam-teorie — wat die sinode ook nie veroordeel het nie — merk J. Kamphuis tereg op: „De synode heeft gesproken . . . Men weet nu dat niemand in de kerk het meer weet of weten mag, of er over iemand of over niemand wordt gesproken”.¹¹⁰

O.i. laat bogestelde uitsprake van die sinode volle ruimte aan Kuitert om rustig met sy leerdwalings voort te gaan. „In een vraaggesprek met de heer Breuker van het Fries Dagblad heeft prof. dr. H. M. Kuitert gezegd, dat hij zich door de uitspraken van de synode van Sneek niet veroordeeld achtte en dat hij meende op de ingeslagen weg rustig verder te mogen gaan”.¹¹¹

4. Herman Ridderbos oor illegitieme gedragspraktyke t.o.v. die eenheidstruktuur

In die refleksies van teoloë — wat aan die „Gereformeerde Kerken in Nederland” behoort — oor die verhouding tussen kerk en teologie gaan dit allermins om ’n bloot akademiese interesse te dien effekte, maar baie beslis oor die verhouding tussen dié kerk en die teologie van teoloë wat *ampsdraers* van dié kerk is. Dit maak ’n wêreld se verskil!

I.v.m. die huidige polemieë rondom die reeds genoemde dissertasie van Wiersinga stel H. Ridderbos pasgenoemde verhouding — met afwysing van illegitieme gedragspraktyke t.o.v. meervermelde eenheidstruktuur — duidelik en korrek soos volg: „Alle hoogleraren aan de theologische faculteit van de V.U. en van de theol. Hogeschool te Kampen . . . zijn ambtsdragers in de Geref. Kerken. En

dat niet, omdat zij 's zondags zo nu en dan eens preken, maar juist krachtens het werk, dat zij *in de week* doen. Zij kunnen daarom op een gegeven oogenblik niet zeggen: nu trek ik mijn kerkelijk jasje uit en mijn wetenschappelijke-theologische toga aan. Want zij worden geacht in hun werk *niet* tot 'een andere staat des levens' over te gaan of in 'een ander rijk' te treden. Daarom dragen zij niet alleen een wetenschappelijke, maar ook een kerkelijke verantwoordelijkheid, die ook zeer expliciet is gestipuleerd... zó staan de zaken er thans bij. En dat ook niet zonder grote oorzaak... En datzelfde geldt *mutatis mutandis* ook van een predikant, die in de theologie promoveert. Hij doet dit wel niet als ambtsdrager, maar hij kan zich niet in tweeën splitsen en in de theologie bestrijden, wat hij in de kerk geacht wordt en beloofd heeft voor te staan. Dat eist niet alleen een zekere kerkelijke ordelijkheid, dat ligt in de aard van de zaak, wil men niet tot een soort van geestelijke schizofrenie of tot allerlei verzwegen voorbehouden komen".¹¹²

In aansluiting hierby vervolg hy verder: „Waartegen ik mij... verzet is een *geruislose devaluatie* van hetgeen onder ons goed is afgesproken. Ik acht dit in strijd met de waarachtigheid in de kerk en met het recht van de gemeente om te weten waar zij aan toe is. Tot de waarachtigheid in de kerk behoort, om hetgeen niet langer als waar erkend kan worden ook niet langer waar te noemen... Het behoort niet minder tot de waarachtigheid in de kerk om vrijwillig aangegane verbintenissen niet eenzijdig en stilzwijgend voor niet langer verbindend te houden en zich daarnaar te gedragen... Ik ben de overtuiging toegedaan, dat wij in ons kerkelijk leven op een punt gekomen zijn, waarop over deze dingen meer klaarheid moet komen... Ik schrijf dit alles n.a.v. de dissertatie van dr. Wiersinga... omdat voor mijn besef *voor ons allen* zijn boek een soort van test-case is voor wat wij in de toekomst van plan zijn met elkaar al dan niet te onderhouden".¹¹³

Ridderbos beklemtoon in dieselfde verband voorts ten skerpste dat *ampsdraers* die „koninklike” weg — d.w.s. die *ordelike kerklike weg* konform die beloftes in die ondertekende ondertekeningensformuliere — *moet* volg in geval van beswaar, op grond van die Skrif, teen een of ander belydenisuitspraak.¹¹⁴

Dit is duidelike Gereformeerde taal en daarop kan ons ons bravo! laat hoor.

Dit is uiters verblydend en bemoedigend as 'n teoloog van die formaat en invloed van Ridderbos — as ampsdraer van sy kerk — sy eie kerk oproep tot selfondersoek en bekering in dié impasse waarin dit verseild geraak het. En dit — soos ons van hom gewoon is — op 'n eerlike, openlike, skerpe, onbevreesde en waardige wyse. Des te meer as ons in gedagte hou dat daar 'n tyd was toe hy óók — op 'n versigtige wyse — daaraan meegedoen het.¹¹⁵

5. Slotopmerkings

Die gereleveerde stand van sake in genoemde kerk is vir ons van baie meer as gewone belang, aangesien ons kerk met dié kerk

engere korrespondensie onderhou. As sake in dié kerk so moet voortduur, sal ons kerk genoemde korrespondensie in heroorweging moet neem.

Ons moet egter opregte meegevoel en begrip hê vir die impasse waarin die „Gereformeerde Kerken in Nederland” sig tans bevind. Alhoewel ons die gedragspraktyke in dié kerk — soos uiteengesit — ten sterkste moet afkeur en op elke moontlike regmatige wyse daarteen moet getuig, mag ons nooit nalaat om ook steeds vir dié kerk te bid nie.

En wat ons eie huis betref — ons moet oorgegewe *bid* en *werk* dat God die Heilige Gees *ons kerk*, en ons as *amptdraers*, steeds in die *Skriftuurlike* spoor sal lei in ons omgang met die Skrif én in ons verdiskoningering van die eenheidstruktuur: Skrif-belydenisskrifte-ondertekeningsformuliere/kerk — tot eer en verheerliking van Sy Naam-

Lichtenburg.

F. W. Buytendach.

(Gelewer voor G.T.V. Pretoria, 26 April 1971)

Verwysings

- 1 Vir 'n omvattende uiteensetting hieroor — cf. my dissertasie: „Aspekte van die vorm/inhoud-problematiek met betrekking tot die organiese Skrifinspirasie in die nuwere Gereformeerde teologie in Nederland”. Dit verskyn binnekort in Nederland en sal ook in S.A. verkrygbaar wees.
- 2 B. B. Warfield: *The Inspiration and authority of the Bible*, p. 131 vv.; C. Bouma: *De Brieven van den Apostel Paulus aan Timotheus en Titus*, pp. 331—334; S. Greijdanus: *Schriftbeginselen ter Schriftverklaring*, pp. 63—99; E. Stauffer (In: *ThWzNT.*, III, s. 122); G. Schrenk (In: *ThWzNT.*, I, s. 753 ff.); Schweizer (In: *ThWzNT.*, VI., s. 452); H. Ridderbos: *De Pastorale Brieven*, pp. 228, 229—232; K. Rahner: *Über die Inspiration der Schrift* (In: *Diskussion über die Bibel*, s. 8).
- 3 Schrenk (In: *ThWzNT.*, I, s. 747); S. J. du Plessis: *Jesus en die Kanon van die Ou Testament*, pp. 97/98; Berkouwer: *De Heilige Schrift II*, pp. 18/19.
- 4 Grosheide: *Het Heilig Evangelie volgens Johannes II*, pp. 137—138; Du Plessis: *Op. cit.*, p. 91.
- 5 Kittel (In: *ThWzNT.*, IV, s. 118); J. A. C. van Leeuwen: *De Brieven aan de Thessalonicensen (K.V.)*, p. 110.
- 6 Cf. *Aspekte van die vorm/inhoud-problematiek*, ens. — Hfst. III B. (*passim*).
- 7 Vir *hupò* — cf. Bavinck: *Geref. Dogmatiek I*, p. 398; Greijdanus: *De Brieven van de Apostelen Petrus en Johannes, en de Brief van Judas*, pp. 283/284.
- 8 Vir *dià* — cf. Bavinck: *Loc. cit.*, Oepke (In: *ThWzNT.*, II, s. 65); Du Plessis: *Op. cit.*, p. 101.
- 9 R. Schippers: *Getuigen van Jezus Christus in het Nieuwe Testament*, p. 202/203; A. B. du Preez: *Die dualistiese Inspirasieleer*, p. 355; H. W. Rossouw: *Klaarheid en Interpretasie*, p. 250.

14 In die Skriflig

- 10 Vir *pherómenoi* — cf. Greijdanus: Loc. cit. (verwysing 7); vir *phérō* — cf. Weisz (In: ThWzNT., IX, s. 58 ff.).
- 11 Cf. Aspekte van die vorm/inhoud-problematiek, ens. — Hfst. III B. (3); F. J. M. Potgieter: Die Teopneustie van die Heilige Skrif met Besondere Verwysing na Karl Barth (In: NGTT., Junie 1963, pp. 135—137).
- 12 Cf. verwysing 9. Daar is wel „cruses” in die Skrif (Bavinck: Op. cit., p. 413), d.w.s. *onduidelikhede* — maar nie teenstrydighede of foute nie —, omdat dit die *Theópneuste Graphè* is wat ons nooit in alles sal kan begryp nie. M.b.t. die onduidelikhede moet ons biddend en werkend duidelikheid soek vanuit die duidelike Sentrum (Christus) van die Skrifstruktuur.
- 13 Cf. Aspekte van die vorm/inhoud-problematiek, ens. — Hfst. III B. (2) en (3) en Hfst. V B.
- 14 H. Ridderbos: Heilsgeschiedenis en Heilige Schrift, p. 40 vv.; Idem. Paulus, pp. 264/265, 487; Idem: Het Woord, het Rijk en onze verlegenheid, pp. 58 v., 61 v.; Büchsel — vir *parhádosis* (In: ThWzNT., II., s. 175); Bavinck: Op. cit., p. 414.
- 15 Greijdanus: Schriftbeginselen ter Schriftverklaring, p. 118 v.; Cf. Aspekte van die vorm/inhoud-problematiek, ens. — Hfst. III B. (2) en (3).
- 16 Idem.
- 17 Kerkenordering van de Gereformeerde Kerken in Nederland⁶, pp. 225—228.
- 18 A. D. R. Polman: Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis I, 176—198.
- 19 Idem, pp. 200—280.
- 20 Bavinck: Op. cit., p. 63; Polman: Op. cit., p. 65.
- 21 Bavinck: Op. cit., IV, pp. 401/402; Greijdanus: Schriftbeginselen ter Schriftverklaring, p. 145.
- 22 Polman: Op. cit., p. 85 vv.; Cf. egter H. Volten: Rondom het Belijden der Kerk, p. 124 vv. Die Ondertekeningformuliere beklemtoon — o.i. tereg — die *quia*-ondertekening (cf. verwysing 17).
- 23 Polman: Op. cit., pp. 52—62; Idem: Belijdenisschrift (In: Chr. Encyc., I (1956), p. 551); H. Bouwman: Belijdenisschrift (In: Chr. Encyc., I (Iste druk, pp. 275/276)).
- 24 K.O. Art. LIII (cf. verwysing 17).
- 25 Cf. Berkouwer: Het probleem der Skrifkritiek, Hfst. VII.
- 26 Vir 'n omvattende uiteensetting en kritiek op Kuitert se sienswyses — cf. Aspekte van die vorm/inhoud-problematiek, ens. — Hfst. IV B. (1) (d) — *passim*.
- 27 Hy erken dit self (In: G. Puchinger: Is de Gereformeerde wereld veranderd?, p. 349). In die gang van die voordrag sal dit verder aangetoon word.
- 28 Dit sal in die voordrag blyk.
- 29 Cf. sy: Kroniek — Is de Gereformeerde wereld veranderd? (In: GTT., November 1966, pp. 212—214; De Goede Schepping (In: Geloof en Wetenschap, 61e Jrg., nr. 6 en 7, juni/juli 1963); Anders gezegd.
- 30) Creatie en Evolucie; Leven en dood vanuit biologisch gezichtspunt. Horizon 25 (1965), pp. 214—218; Waar blijven we?
- 31 H. van Riessen: Mondigheid en de Machten (Christelijk Perspectief Deel XI), p. 84 vv.
- 32 Cf. S. U. Zuidema: De Christus der Schriften en oecumenische theologie, p. 41 vv.

- 33 Vir 'n deeglike analise van en insnydende kritiek op Kuitert se Godsbeskouing — cf. A. A. van Ruler: *Wat is Theologiese arbeid?* (In: *Kerk en Theologie*, No. 3, Juli 1967, p. 215 vv.); H. J. Schilder: *Een aangepast boek* (In: *De Reformatie*, 6 Oktober 1962).
- 34 *De mensvormigheid Gods*, pp. 5, 199 vv., 277 (én voetnoot 2) vv.
- 35 *Idem*, pp. 278, 284.
- 36 *Idem*, p. 307 (Summary).
- 37 *Idem*, pp. 277/278.
- 38 *Idem*, pp. 278, 284.
- 39 *Idem*, p. 284.
- 40 *Idem*, pp. 265, 278, 281—284. Vir kritiek hierop — cf. J. T. Bakker: *De mensvormigheid Gods* (In: *GW*, 8 Juni 1962); A. A. van Ruler: *A.a.*, p. 217 vv.
- 41 *Jesus Christus und die Mythologie*, s. 60.
- 42 *De mensvormigheid Gods*, p. 211.
- 43 *Idem*, p. 231.
- 44 *Idem*, pp. 243/244.
- 45 *Kirchliche Dogmatik II/2*, ss. 1—563.
- 46 *De mensvormigheid Gods*, pp. 244/245.
- 47 *Idem*, p. 245.
- 48 *Idem*, pp. 230, 233/244, 257, 260.
- 49 *Idem*, pp. 274, 276.
- 50 *Kirchliche Dogmatik I/1*, s. 367 — cf. s. 311 ff.
- 51 *De mensvormigheid Gods*, pp. 284—286; Cf. H. J. Schilder: *Loc. cit.*
- 52 Cf. hiervoor: *Aspekte van die vorm/inhoud-problematiek*, ens. — *Hfst. II (3)*.
- 53 *De Goede Schepping* (cf. verwysing 29).
- 45 *Idem*, pp. 117 vv., 134.
- 55 *Idem*, p. 134 (punt 4): Cf. N. H. Ridderbos se kritiek hierop (*De Hermeneutiese Cirkel*, In: *GTT.*, Augustus 1964, p. 180).
- 56 *Idem*, p. 118.
- 57 *Idem*, pp. 122/123.
- 58 *Idem*, p. 113 vv. — cf. *Idem* (In: *GTT.*, Februarie 1964, pp. 51/52).
- 59 *Idem*, pp. 127/128.
- 60 *Babel und Bibel I (1902), II (1904), III (1905)*.
- 61 *Primitive Christianity. In its Contemporary Setting*, pp. 15/16.
- 62 *Die Entstehungsgeschichte der priesterlichen Schöpfungslehre Gen. I* (In: *Fuldaer Hefte 13*, s. 76 ff.).
- 63 En zie het was goed *Schepping, natuur, gesiedenis* (Wending, juli/augustus 1962 — met as titel: *Het bittere raadsel van de goede Schepping* — pp. 340—352).
- 64 *Het Litterair Genre van Gen. 1—3* (In: *GTT.*, Mei 1963, pp. 95, 106, 108/109), en *Idem: Verhaal en feit in het Oude Testament*, p. 53.
- 65 *Schepping en paradijs*, pp. 7, 11/12.
- 66 *Strijd bij de Schepping* (*Exegetica Deel 6*), p. 15 vv.
- 67 *Kirchliche Dogmatik I/1*, s. 347, *III/1*, s. 91 ff., 117 f., 178.
- 68 *mūthos* (In: *ThWzNT.*, IV, ss. 769—803).
- 69 *De Goede Schepping*, p. 134 (punt 4); H. van Riessen: *Op. cit.*, p. 87.
- 70 Anders gezegd, p. 140.
- 71 *De realiteit van het geloof*, pp. 159, 165, 174.

16 *In die Skriflig*

- 72 Idem, p. 182/183.
- 73 Idem, p. 196; Cf. Idem: De waarheid gaat boven alles (In: *Uit tweeën één* — Tussentijdse balans van het gesprek Rom-Reformatie — p. 27 vv.); Cf. H. van Riessen: *Op. cit.*, pp. 92/93; Cf. C. Trimp: *Betwist Schriftgezag*, p. 127 vv.
- 74 *Op. cit.*, pp. 93/94.
- 75 Cf. die R.-K. *Enchiridion Symbolorum definitionum et declarationum de rebus fidei et morum* (Editio XXXII), pp. 595—601 met sy: De realiteit van het geloof, pp. 156—190.
- 76 *De mensvormigheid Gods*, p. 294 vv.
- 77 Idem, p. 298 vv.
- 78 De realiteit van het geloof, p. 163 vv.
- 79 *Het Schriftprobleem in gereformeerde en in oecumenische gestalte* (In: *Regelrecht*, 3e jrg., nr. 5 — Mei 1966).
- 80 R. Bijlsma: *Schriftuurlijk Schriftgezag*, p. 254.
- 81 Idem, pp. 418/419.
- 82 Er staat geschreven (In: *GW.*, 17 Oktober 1969 — cf. Idem: *Het zelfgetuigenis van de H. Schrift en „de feiten”* (In: *GW.*, 31 Oktober 1969).
- 83 *Verscheidenheden en teenstrijdigheden in de realisering van het heil* (In: *Homiletica en Biblica*, XXIV, 5 juni 1965, p. 109).
- 84 *Die halbe Wahrheit oder die ganze Schrift* (Beiträge zur evangelischen Theologie — Band 46), s. 34.
- 85 *Het Isolement der Gereformeerde Schriftbeskouwing* (In: *Bebinning*, 17e Jrg., 1962, pp. 148—153).
- 86 *Bavinck: Op. cit.*, I, p. 410 — cf. J. Veenhof: *Revelatie en Inspiratie*, pp. 436—438; K. H. Schelkle: *De Heilige Schrift en Gods Woord* (In: *Exegese en Dogmatiek*, p. 11).
- 87 *Opmerkingen over de leer aangaande de Heilige Schrift* (In: *GW.*, 5 Maart 1965), en Idem: *Nieuwe publikaties over de Schrift* (In: *GW.*, 5 Maart 1965), en Idem: *Nieuwe publikaties over de Schrift* (In: *GW.*, 9 Februar 1968) — cf. Idem: *Heilsgeschiedenis en Heilige Schrift*, pp. 5/6; *Paulus en Jezus*, pp. 30/31; *Het Woord, het Rijk en onze verlegenheid*, p. 61 vv.
- 88 *A.a.* (In: *Regelrecht*); *Verstaat gij wat gij leest?*, pp. 41—43; *Anders gezegd*, pp. 51—54.
- 89 *Anders gezegd*, pp. 129—140.
- 90 Cf. hiervoor: *Aspekte van die vorm/inhoud-problematiek, ens.* — *Hfst. IV A. (1) (a) — passim.*
- 91 Cf. Idem, *Hfst. IV A. (1) (b) — passim.*
- 92 *Verstaat gij wat gij leest?*, pp. 27—29.
- 93 *Anders gezegd*, p. 57.
- 94 Idem, pp. 141—150, en *De Goede Schepping*, p. 116.
- 95 Idem, p. 141 v. — cf. pp. 54—61.
- 96 *De Goddelijke Openbaring in de eerste drie hoofdstukken van Genesis — passim*, en *Het Boek Genesis I (K.V.)*, pp. 94—189.
- 97 *De Brief van den Apostel Paulus aan de Gemeente te Rome I*, p. 272 vv.
- 98 *Schepping en paradijs — passim.*
- 99 *Evolutie, een nieuw dogma* (In: *GW.*, 4 November 1966); *Prof. Berkhof over „Assen” en „Lunteren”* (In: *GW.*, 3 November 1967); *Aan de Romeinen*, p. 111 vv.; *Paulus*, pp. 51—63; *Vragen, die ter zake zijn en*

- een proeve van antwoord (In: GW., 4 Desember 1970).
- 100 In: De Reformatie, 7 Dec. 1968, 25 Jan. 1969, 1, 8, 15, 22 Feb. 1969 en 1 Maart 1969.
- 101 Is Adam in het Nieuwe Testament een ‚Leermodel‘? (In: Woord en Kerk (1969), pp. 29—70).
- 102 Kirchliche Dogmatik I/2, s. 100, III/1, s. 323.
- 103 Neues Testament und Mythologie (In: Kerygma und Mythos I (1967), ss. 27/28, 38); Thánatos (In: ThWzNT., III, s. 15 f.).
- 104 De verzoening in de Theologische discussie.
- 105 Geruisloze omwenteling? (In: GW., 12 Februarie 1971); De koninklijke weg (In: GW., 26 Februarie 1971).
- 106 De verzoening (In: GW., 19 26 Februarie, en 5 Maart 1971).
- 107 Een geruchtmakende dissertatie (In: De Reformatie, 20, 27 Februari 1971).
- 108 Volgens F. de Vries: Persschouw (In: De Reformatie, 28 November 1970).
- 109 Volledige besluit aangehaal deur F. de Vries: Persschouw (In: De Reformatie, 14 November 1970).
- 110 Sneek (1970) (In: De Reformatie, 14 November 1970).
- 111 Volgens F. de Vries: Persschouw (In: De Reformatie, 13 Maart 1971).
- 112 Geruisloze omwenteling? (In: GW., 12 Februarie 1971).
- 113 Idem.
- 114 De koninklijke weg (In: GW., 26 Februari 1971).
- 115 Cf. Aspekte van die vorm/inhoud-problematiek, ens. — Hfst. IV B. (1) (e) — *passim*.